Sinodale Aandeel

Inligting soos op 1 Maart 2018 (2019 se sinodale aandeel)

Hierdie dokument poog om te verduidelik hoe sinodale aandeel bereken word. Alhoewel die huidige formule reeds vanaf 2007 gebruik word, wissel gemeentes se personeel en kommissies dikwels. Die sinodale kantoor ontvang dus steeds navrae oor ’n bietjie “afslag” of “korting” op sinodale aandeel. Soms is daar ’n beswaar dat die “Sinode” die gemeente se sinodale aandeel met “ver meer as die inflasiekoers” verhoog het. Met hierdie dokument word daar gepoog om te verduidelik

- hoe die formule vir sinodale aandeel werk en
- hoe gemeentes gehelp kan word.

1. Sinodale aandeel is ’n reglementêre plig

1.1 Elke gemeente van die Nederduitse Gereformeerde Kerk is gebind aan die Kerkorde van die NG Kerk. Reglement 20A: 4.3.1.1 magtig die gebruik om ’n formule te bepaal waarvolgens elke gemeente ’n bydrae tot die Sinode se fondse maak. Reglement 20A: 2.6 stel dit duidelik dat dit nie opsioneel is nie.

> *4.3.1.1 Die sinodale begroting word hoofsaaklik befonds deur gemeentelike bydraes wat bepaal word volgens elke gemeente se vermoë. Gemeentes se sinodale aandeel word deur ’n formule bepaal wat van tyd tot tyd deur die STFA aangepas en deur die Moderamen goedgekeur word voordat dit aan gemeentes voorsien word.*
>
> *2.6 Alle sinodale bydraes (soos sinodale aandeel en gemeentelike deuroffers wat vir instansies ingesamel word) en bydraes wat verband hou met die personeel van die gemeente (soos pensioen-en mediesefondspremies)* ***is ’n verpligting wat elke kerkraad as deel van die kerkverband moet nakom.*** *Die kerkraad sorg dat hierdie gelde maandeliks aan die kantoor van die Saakgelastigde oorbetaal word.*

1.2 Die Sinode in sitting (dit wil sê afgevaardigdes van gemeentes – Artikel 33) besluit van tyd tot tyd oor die formule. Die besluit van die Sinode is bindend (Artikel 23). Gemeentes het nie ’n opsie om te besluit of hulle ’n bydrae wil maak (of hoeveel hulle wil gee) nie. Kragtens die feit dat die gemeente ’n “Nederduitse Gereformeerde Gemeente” is, is die gemeente gebind aan die besluit van die Sinode. **[As ’n gemeente finansiële probleme het, kan die gemeente by die Sinode aansoek doen om hulp.]**

1.3 Sinodale aandeel wat nie betaal word nie, verdwyn nie. Dit word as ’n verskuldigde bedrag in die gemeente se geouditeerde finansiële state aangeteken. In die Sinode se geouditeerde finansiële state is dit ’n vorderbare bedrag – skuld wat invorderbaar is. Gemeentes kan wel by die Gemeente-ondersteuningsfonds aansoek doen om hulp. Die Gemeenteondersteuningsfonds kan dus die gemeente help, sodat die gemeente hulle volle sinodale aandeel kan betaal.

2. Formule vir sinodale aandeel

2.1 Die formule vir sinodale aandeel is as volg:

Van die gemeente se totale inkomste (soos in die geouditeerde finansiële state se inkomstestaat aangetoon) word die volgende sewe bedrae afgetrek ten einde die **netto inkomste** te bereken waarop sinodale aandeel aangeslaan word:

- Spesiale en sinodale offergawes (geld wat vir ander opgeneem en oorbetaal is).
- Testamentêre bemakings aan die gemeente.
- Wins met die verkoop van bates.
- Toename in markwaarde. Dit sluit kapitale groei en dividende op aandele in.
- Versekeringseise wat uitbetaal is.
- Hulp ontvang (van ander gemeentes, die Ring of die Sinode).

- **Die totale uitgawes ten opsigte van gemeentelike dienswerk (tans die totale uitgawes soos aangetoon by bylaag 4.17 in die geouditeerde finansiële state).**



2.2 Die skets wys die eenvoud van die formule – maar ook die noodsaak dat die geouditeerde finansiële state korrek opgestel word. Sinodale aandeel word bereken op die netto inkomste nadat die geel toelaatbare aftrekkings van die blou totale inkomste afgetrek is.

2.3 Indien byvoorbeeld “versekeringseise” (3.10) onder “diverse” aangeteken is, gaan die sinodale kantoor dit nie weet nie en kry die gemeente nie die nodige korting nie.

2.4 Sinodale aandeel word volgens hierdie **netto inkomste** met behulp van ’n skaal bereken.

2.5 Die geouditeerde finansiële state van **Jaar A** (2017) word gebruik om die sinodale aandeel vir **Jaar C** (2019) te bereken. Die **geouditeerde finansiële state**, soos op 28 Februarie **2017**, word dus saam met die **tabel vir 2019** gebruik om die sinodale aandeel vir 2019 (1 Maart 2018 tot 28 Februarie 2019) te bepaal:

Netto inkomste < as R572 261,00	**1%** van die bedrag
R572 261,01 tot R858 391,00	R5 723,00 plus **6%** van dit wat meer as R572 261,00 is
R858 391,01 tot R1 430 651,00	R22 891,00 plus **9%** van dit wat meer as R858 391,00 is
Meer as R1 430 651,00	R74 394,00 plus **10%** van dit wat meer as R1 430 651,00 is

2.6 Daar is twee beperkings:

- ’n gemeente se **maksimum** sinodale aandeel word tot **8% van die netto inkomste** beperk. Met “netto inkomste” word bedoel die syfer soos in 2.2 hier bo bereken.

- ’n gemeente se **groei** in sinodale aandeel word tot **20%** per jaar beperk.

2.5 Deur die **volle uitgawe** ten opsigte van **gemeentelike dienswerk** as ’n aftrekking toe te laat, bevestig die Sinode sy kernmissie en verbintenis tot **missionaliteit**. Gemeentes word aangemoedig tot gemeentelike dienswerk. Hierdie aftrekking word maklik verstaan (deur beide die gemeentes én die ouditeure).

2.6 Die skaal word van tyd tot tyd aangepas om vir “blokkruiping” voorsiening te maak. Dit beteken dat ’n gemeente met ’n inkomste van presies R1 miljoen se sinodale aandeel vanaf 2013 vanaf **R52 000** tot **R35 636** in 2019 sou gedaal het. Die rasionaal is dat die klein gemeentes (met ’n inkomste van minder as **R572 261** slegs 1% van hulle inkomste aan sinodale aandeel verskuldig is. Hierdie syfer is jaarliks verhoog vanaf die R400 000 in 2013 tot die R572 261 in 2019. Dit bevestig weer dat die Sinode nie jaarliks die sinodale aandeel “opstoot” of “verhoog” nie. Die Sinodale Taakspan vir Finansies en Administrasie het inderwaarheid die tabel so gewysig dat ’n gemeente met dieselfde inkomste as die vorige jaar se sinodale aandeel sal daal.

2.7 Wes-Kaapland se formule mik om op ’n **deursigtige**, **billike** en **eweredige** wyse **ongeveer gemiddeld 5% (vyf persent)** van die 228 gemeentes se totale inkomste (minus ’n aantal toelaatbare aftrekkings) as sinodale aandeel te hef.

Jaar	Bruto Inkomste	SA vir Jaar	%
2014	442 482 548,74	22 441 472	5,1%
2015	490 583 931,58	22 359 537	4,6%
2016	482 342 840,91	23 944 855	5,0%
2017	515 937 027,37	25 136 982	4,8%

3. Misverstande

3.1 Gemeentes word nie “aangeslaan” per lidmaat nie. Ons kry soms die verskoning dat die gemeente baie “dooie lidmate” het en dat dit onregverdig is dat hulle die gemeente duur kos aan sinodale aandeel. **Daar is geen verband tussen lidmaattal en die sinodale aandeel nie**. Lidmaattal word wel op die finansiële state aangedui. Dit is belangrik vir perspektief en dit word gebruik vir formules ten opsigte van die Algemene Sinode, byvoorbeeld die aantal afgevaardigdes na die Algemene Sinode. **Lidmaattal het egter geen invloed op sinodale aandeel nie**.

3.2 Gemeentes word nie op hulle “wins” of “oorskot” aangeslaan nie. Dit is wel so dat ’n groot oorskot gewoonlik beteken dat die totale inkomste drasties verhoog het. Die sinodale aandeel is dan hoër, omdat die inkomste hoër is – nie omdat die oorskot groter is nie.

3.3 Gemeentes word allermins “gestraf” of “benadeel” omdat hulle ’n oorskot het! Sinodale aandeel word bereken op netto inkomste wat die gemeente **reeds** ontvang het.

3.4 Uitgawes (behalwe **gemeentelike dienswerk**) het geen invloed op sinodale aandeel nie. Sinodale aandeel word slegs bereken op die netto inkomste wat die gemeente reeds ontvang het.

4. Sinode se begroting

4.1 Die Sinode werk met ’n **inkomste gebaseerde begroting**. In ’n **uitgawe** gebaseerde begroting sou die Sinode eers begroot het en dan die koste van dié begroting tussen die gemeentes verdeel het. Die Sinode werk nié so nie! Nadat al 228 gemeentes in die Wes-Kaap se geouditeerde finansiële state (van **Jaar A / 2017**) ontvang is, word die sinodale aandeel bereken. Die somtotaal van hierdie berekende sinodale aandeel is die Sinode se begroting vir **Jaar C / 2019**.

4.2 Die somtotaal van die 228 gemeentes in die sinodale gebied se sinodale aandeel kan dus iewers in **Jaar B** (ongeveer in September 2017) bereken word. Dit kan gedoen word sodra al die gemeentes se finansiële state ontvang is. Hierdie somtotaal is die begroting vir die Sinode vir 2019 (1 Maart 2018 tot 28 Februarie 2019).

4.3 Beide die gemeentes en die Sinode kan dus vanaf ongeveer September 2017 vir die finansiële jaar van 2019 (1 Maart 2018 tot 28 Februarie 2019) begroot.

4.4 Gemeentes moet dus ingedagte hou dat hulle inkomste in Jaar A hulle sinodale aandeel vir Jaar C gaan bepaal. Die Sinode verhoog nie sinodale aandeel nie. Gemeentes se sinodale aandeel verhoog omdat die gemeente se inkomste verhoog het (of hulle aftrekkings verlaag het)!

4.5 Sinodale aandeel word gedurende Jaar B gefinaliseer en aan gemeentes bekend gemaak sodat gemeentes behoorlik kan begroot. Sinodale aandeel is dus geen verrassing vir ’n gemeente nie. Verantwoordelike rentmeesterskap beteken dat gemeentes in ’n “goeie” jaar onthou om voorsiening te maak vir ’n verhoogde sinodale aandeel. Net soos die boer met ’n rekord oes weet dat hy meer belasting gaan betaal. Groter sinodale aandeel (net soos groter belasting) is eintlik goeie nuus: dit

beteken immers dat daar ’n verhoogde inkomste was, waarvan (in gemeentes se geval) ongeveer 95% in die gemeente bly!

4.6 ’n Gemeente kan dus nie iewers in Jaar C vra vir afslag of korting nie. Die begroting van die Sinode is reeds in Jaar B vasgestel. Ooreenkomste en verpligtinge is op grond van hierdie begroting aangegaan. Hierdie verpligtinge kan nie sommer op ’n ad hoc basis net gewysig word nie. Die begroting (sien bladsy 5) kan nie wysig elke keer as ’n gemeentes vir afslag of korting vra nie.

4.7 ’n Gemeente kan inderdaad intussen ’n finansiële krisis ontwikkel. In so ’n geval kan die gemeente by die Sinode aansoek doen om hulp. Die Gemeenteondersteuningsfonds kan dan die gemeente op verskillende maniere help. So sal die gemeente dan in staat wees om hulle sinodale aandeel te kan betaal. **Sien paragraaf 6 hier onder vir besonderhede oor die Gemeenteondersteuningsfonds.**

4.8 Dit mag op die ou einde bloot lyk na afslag of korting. Die verskil is dat die Sinode die sinodale aandeel formule (soos bepaal deur gemeentes by die sinodesitting) **konsekwent**, **deursigtig**, **eweredig** en **billik** ten opsigte van elke gemeente toepas. Elke gemeente kan gerus wees met die wete dat elke ander gemeente op presies dieselfde wyse ’n bydrae tot die Sinode se fondse maak.

4.9 Die Sinode se ouditeur (tans PricewaterhouseCoopers) gaan ook die sinodale aandeel berekeninge na. Die Sinode se finansiële bestuurder (mev Annerina Viljoen) moet elke gemeente se sinodale aandeel berekening verifieer en afteken. Sinodale aandeel is ’n vaste verpligting wat nie op ’n ad hoc basis verminder kan word nie.

4.10 Dit is amper soos die SAID se belastingtabel. Die tabel staan vas en geld vir almal. Geen amptenaar van die SAID kan die tabel op grond van ’n individu of ’n maatskappy se unieke behoeftes wysig of hersien nie. Die goeie nuus (anders as by die SAID) is natuurlik dat die Sinode in staat is om gemeentes te help met hulle finansies! Die Sinode hef ook nie rente of boetes nie! En ons help gemeentes om hulle finansiële state “sinodale aandeel” vriendelik op te stel!

5. Die “Sinode”

5.1 ’n Opmerking of twee oor “die Sinode” is dalk ook nodig. In gesprekke met Kerkrade of verteenwoordigers uit gemeentes klink dit dikwels of hulle die “Sinode” as ’n soort mag of owerheid sien. Die Sinode word vergelyk met ’n ontoeganklike burokrasie soos die SAID of Binnelandse Sake.

5.2 Onthou asseblief: Die Sinode (sinodesitting) word saamgestel uit al die predikante en ’n gelyke getal lidmate uit elke gemeente in die sinodale gebied. ’n Sinodesitting – waar onder andere die besluite oor sinodale aandeel geneem word – is inderwaarheid ’n vergadering van gemeentes. Sinodale personeel (Predikante in die Sinode se diens) woon wel die sinodesittings by, maar hulle het geen stemreg nie. Die Sinode se mandaat word deur die afgevaardigdes by ’n sinodesitting bepaal. Die Sinode kan net doen wat die gemeentes eenstemmig versoek het dat die Sinode moet doen.

5.3 Sinodale personeel is eintlik in diens van die gemeentes. Die Sinodale personeel is nie ’n mag op hulle eie nie. Trouens, al die Diensgroepe en Taakspanne bestaan uit verkose predikante en lidmate en enkele gekoöpteerde kundiges. Die huidige STFA (Sinodale Taakspan vir Finansies en Administrasie) bestaan byvoorbeeld uit die volgende lede:

- Ds Monty Sahd (Voorsitter) – predikant van die NG Gemeente Stellenbosch-Welgelegen
- Ds Marius le Roux – predikant van die NG Gemeente Albertinia.
- Ds Jan Grobbelaar – predikant van die NG Gemeente Wellington-Oos
- Ds Hennie Burden – predikant van die NG Gemeente Laaiplek
- Ds Mizelle Prinsloo – predikant van die NG Gemeente Durbanville-Bergsig
- Mnr Hendri Niehaus – ouditeur van Springbok
- Die kundige lede, met opleiding en/of ervaring in onderskeidelik die finansiële en aktuariële omgewing, is mnre Christo Meyer, Christian van Schalkwyk en mev Erin Scholtz.

5.4 Dit is dus duidelik dat besluite oor die sinodale aandeel se formule of die Sinode se begroting nie deur sinodale personeel of die PSD's (Predikante in Sinodale Diens) geneem word nie, maar deur 'n groep goed verteenwoordigende **gemeenteleraars** en 'n paar kundige lidmate.

5.5 Die struktuur, die sinodale aandeel formule, die diensgroepe se aktiwiteite en alles waarmee die Sinode besig is, is alles deur die sinodegangers (predikante en lidmate uit gemeentes) besluit en goedgekeur. Indien 'n gemeente beswaard voel oor die Sinode se werkswyse, begroting of formule vir sinodale aandeel, is dit die gemeente se volste reg om die beswaardheid op die tafel te plaas en 'n gesprek daaroor te voer.

5.6 Indien genoeg afgevaardigdes by die Sinode met die betrokke gemeente se voorstel saamstem, neem die Sinode 'n nuwe besluit.

5.7 Kortom: Wanneer gemeentes met die "Sinode" praat of korrespondeer is dit eintlik met sinodale personeel (mense in diens van die kerkverband) met wie hulle praat. Personeel werk onder opdrag en toesig van Diensgroepe en Taakspanne. Diensgroepe en Taakspanne bestaan uit verteenwoordigers (predikante en kerkraadslede) van gemeentes. Diensgroepe en Taakspanne verwelkom gesprek met gemeentes. 'n Naamlys van al die diensgroepe en hulle leiers word in die Jaarboek gepubliseer of kan by die sinodale kantoor gevra word.

6. Die Gemeenteondersteuningsfonds se werkswyse

6.1 Gemeentes sê soms dat hulle begroting nie ruimte laat vir die sinodale aandeel nie. Dit is 'n verkeerde uitgangspunt. Sinodale aandeel is net so 'n vaste uitgawe as die predikant se salaris, Telkom of die munisipaliteit se rekening. Wat die gemeente wel kan sê, is dat die gemeente se uitgawes (in totaal) die gemeente se inkomste oortref. Die Sinode se hulp kan dus gevra word om die gemeente met sy totale begroting te help.

6.2 Indien 'n gemeente se sinodale aandeel R100 000 is en die gemeente se begrotingstekort is ook R100 000 is dit nie sinodale aandeel se skuld nie! Dit is die gevolg van die **totaal** van die gemeente se uitgawes. Maar die Sinode kan die gemeente met R100 000,00 uit die Gemeenteondersteuningsfonds help. Dit mag dan vir die gemeente voel of die sinodale aandeel bloot afgeskryf is. In die Sinode se boeke is dit egter hulp aan 'n gemeente uit die Gemeenteondersteuningsfonds (of watter ander fonds ook al) – en die gemeente se sinodale aandeel is betaal en die Sinode se begroting klop...

6.3 As 'n gemeente finansiële hulp benodig, kan die Saakgelastigde (ds Bossie Minnaar) gekontak word. Na 'n gesprek met die gemeente se leiers sal 'n gesamentlike aanbeveling geformuleer word. Hierdie aanbeveling moet dan deur die **Ring** bespreek word. Die Ring maak dan 'n aanbeveling aan die STFA (Sinodale Taakspan vir Finansies en Administrasie). Die STFA werk ten nouste saam met die Diensgroep vir Gemeentebegeleiding wat gereeld 'n gesprek koördineer tussen al die sinodale diensgroepe wat met gemeentes werk. Ons noem dit **Protokol**. Wanneer die STFA dus 'n besluit neem, was dit met beide die Ring en Protokol se insette. Ja, dit neem 'n rukkie, maar dit hou die proses **billik**, **deursigtig** en **verantwoordelik**.

6.4 Dit is belangrik om te bevestig dat die Sinode daar is ter wille van gemeentes. Die Sinode **kan** en **wil** en **moet** gemeentes help. Gemeentes kan – en behoort ook – met die grootste vrymoedigheid te kan vra as raad en hulp nodig is. Die Sinode kan op verskillende maniere help: Fasilitering, berading, finansiële en administratiewe hulp is beskikbaar. Kontak gerus die volgende sinodale personeel:

- Saakgelastigde en Predikante Pensioenfonds – Ds Bossie Minnaar
  021 957 7104 (W) | 021 981 2684 (H) | 083 270 5211 | bossie@kaapkerk.co.za
- Diensverhoudinge – Mnr Kenny Raats – 021 957 7104 | kraats@kaapkerk.co.za
- Belasting en salarisse – Mev Ingrid van Eck – 021 957 7107 | ivaneck@kaapkerk.co.za

7. Die Sinode se begroting per diensgroep

	%	2017	%	2018	2019
Diaconia	20%	4 851 000	19,0%	4 845 000	5 087 250
Gemeentes	19%	4 608 450	18,0%	4 590 000	4 819 500
Getuienis	29%	7 033 950	29,0%	7 395 000	7 764 750
Toerusting	8%	1 940 000	8,0%	2 040 000	2 142 000
Ondersteuning	12%	2 910 600	12,5%	3 187 500	3 346 875
Verband	12%	2 910 600	13,5%	3 442 500	3 614 625
TOTAAL	**100%**	**24 255 000**	**100%**	**25 500 000**	**26 775 000**

8. Administrasiekantoor se webwerf

Die Diensgroep vir Ondersteuningsdienste het ’n webwerf waar al die omsendbriewe en ander inligting maklik gevind kan word. Hier is onder andere ook besonderhede oor deuroffers en skakels na al die instansies. Die Kerkorde en amptelike vorms kan ook hier gekry word.

By “Kontak ons: Personeel” is daar ’n volledige lys van al die personeel met hulle kontakbesonderhede.

http://kaapkerkadmin.co.za/

Ds Bossie Minnaar (Saakgelastigde)
22 Februarie 2018